

STATUUT

KLEINFONTEIN BOEREBELANGE KOÖPERATIEF BEPERK

1. Hierdie is die statuut van 'n onderneming opgerig kragtens die bepalings van die Koöperasiewet, (Wet 91 van 1981) as 'n primêre handelskoöperasie met beperkte aanspreeklikheid deur omskakeling uitgevolg Artikel 157 van die gemelde Wet van die Maatskappy geregistreer in gevolge die Maatskappywet no. 61 van 1963 onder die naam Kleinfontein Boerdery Belange Beperk.

WOORDOMSKRYWING

2. In hierdie statuut, tensy dit uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Koöperasiewet, 1981 (Wet 91 van 1981) 'n ooreenstemmende betekenis en beteken -
“die Wet” die Koöperasiewet, 1981 (Wet 91 van 1981);
“koöperasie”..... KLEINFONTEIN BOEREBELANGE KOÖPERATIEF BEPERK wat kragtens die Wet opgerig is;
“raad” die in artikel 40 bedoelde raad van direkteure;

OPRIGTING

3. Die koöperasie met die naam KLEINFONTEIN BOEREBELANGE KOÖPERATIEF BEPERK is opgerig soos in Artikel 1 hierbo omskryf.

NAAM

4. Die naam van die koöperasie is KLEINFONTEIN BOEREBELANGE KOÖPERATIEF BEPERK (in Afrikaans) en KLEINFONTEIN BOEREBELANGE KOÖP. BPK. (kort).

BESIGHEIDSPLEKKE

5. [1] Die hoofbesigheidsplek van die koöperasie is geleë te Resterende gedeelte van die plaas Kleinfontien 368, Registrasieafdeling JR (Transvaal) en gedeeltes 67, 68 en resterende gedeelte van gedeelte 14 van die plaas Donkerhoek 365, Registrasieafdeling J.R. (Transvaal).
[2] Die koöperasie mag geen takke stig nie.

DOELSTELLINGS

6. Die doelstellings van die koöperasie is om volgens koöperatiewe praktyk die volgende besigheid te bedryf -
[a] Om ekonomiese en ander ontwikkeling op die plaas Kleinfontein soos omskryf in die “Plek van besigheid” en ander persele wat die koöperasie mag bekom te doen en te beheer.
[b] Om dienste aan lede te bied in die uitvoering van die koöperasie en om die heffings van die lede te vorder vir sodanige dienste ten einde die koöperasie se kostes te dek.
[c] Om grond beskikbaar te stel aan lede ten einde geriewe daar te stel soos wat nodig geag mag word ter bevordering van die doelstellings van die koöperasie en sy lede onder sodanige voorwaardes soos wat die direksie mag besluit.
[d] Om lenings aan te gaan en die eiendom van die koöperasie te verbind in die belang van lede en ten uitvoering van die doelstellings van die koöperasie.
[e] Om lenings onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat goed geag mag word, aan lede te maak vir die ontwikkeling van hulle belange in die koöperasie.
[f] Om as agente vir lede op te tree as bemiddelaar vir versekering van hulle belange.
[g] Om belange in sekondêre koöperasie te verkry waar dit goed geag mag word in belang van die lede.

BEVOEGDHEDE

7. [1] Die koöperasie kan behoudens die bepalings van die Wet en die statuut alles doen wat nodig is om sy doelstellings uit te voer en kan in besonder die bevoegdhede soos uiteengesit in artikel 49(1) van die Wet uitvoer maar onderhewig aan die volgende uitsluiting en kwalifikasies:
[i] By die uitvoering van subartikel (1) (c) mag die koöperasie nie die grootste gedeelte van sy roerende en onroerende goed, met inbegrip van regte daarop, verhuur, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit, behalwe by wyse van 'n spesiale besluit, nie.
[ii] By die uitvoering van subartikel (1) (d) en (m) mag die koöperasie nie aandele verkry of geld daarin belê anders as ooreenkomstig die bepalings van artikel 49 (1) (f) van die Wet nie.
[2] Buiten die bevoegdhede in subartikel [1] vermeld maar, behoudens die bepalings van die Wet en die bepalings van die statuut, het 'n koöperasie onbeperkte bevoegdheid om enigiets te doen wat nie met die uitvoering van sy doelstellings onbestaanbaar is nie en wat die Minister vooraf skriftelik goedgekeur het.

LIDMAATSKAP

8. Enige persoon kan op aansoek by die raad, behoudens die bepalings van artikel 59 van die Wet, lid van die koöperasie word, onderworpe aan die bepalings van paragraaf 9 van hierdie statuut.

AANSOEK OM LIDMAATSKAP

9. [1] Aansoek om lidmaatskap en vir die aantal aandele wat 'n applikant om lidmaatskap wil opneem, moet op die vorm vir daardie doel verskaf gedoen word.
- [2] Elke aansoek om lidmaatskap word deur die raad oorweeg en die raad het die reg om 'n aansoek toe te staan of te weier sonder om redes daarvoor te verstrek.
- [3] Die raad moet binne drie maande na ontvangs van 'n aansoek om lidmaatskap die applikant van sy besluit in kennis stel en ingeval 'n aansoek om lidmaatskap geweier word, word enige bedrag wat deur die applikant aan die koöperasie betaal is, aan die applikant terugbetaal.

VERKRYGING VAN LIDMAATSKAP

10. Behoudens die bepalings van artikel 28 (c) van die Wet word 'n persoon lid van die koöperasie by die uitreiking of oordrag van 'n aandeel aan hom.

LEDEREGISTER

11. 'n Register van die lede van die koöperasie waarin die volgende besonderhede aangeteken moet word, word in die geregistreerde kantoor van die koöperasie gehou -
- [a] die volle name en adresse van lede;
 - [b] die getal aandele deur elke lid gehou;
 - [c] die bedrag wat op die aandele van elke lid opbetaal is;
 - [d] die datum waarop 'n persoon lid geword het; en
 - [e] die datum waarop 'n lid opgehou het om 'n lid te wees.

UITREIKING VAN AANDELE

12. Die aandele deur die koöperasie uitgereik, is behoudens enige voorwaardelike aanspreeklikheid daaraan verbonde, almal van dieselfde klas, rangorde en nominale waarde.
13. Die nominale waarde van elke aandeel is R1 000,00 (een duisend rand).
14. Geen oproep op aandele kapitaal mag 25% (vyf-en-twintig persent) van die nominale waarde per aandeel te bowe gaan of betaalbaar wees binne 30 (dertig) dae vanaf die datum waarop die laaste oproep betaalbaar was nie.
15. Minstens 14 (veertien) dae voordat 'n oproep betaalbaar is, moet skriftelik kennis daarvan gegee word.
16. Oproepe op die aandeelkapitaal word agtereenvolgens van een af genommer en elke oproep is van toepassing op alle onopbetaalde aandele wat uitgereik is of gehou word op die tydstip waarop die oproep gedoen word, sowel as op alle aandele wat uitgereik word nadat so 'n oproep gedoen is.
17. Elke nuwe lid wat aanspreeklik is vir oproepe gemaak voordat hy lid geword het en wat betaalbaar is kragtens artikel 16 moet toegelaat word om sulke oproepe op te betaal oor dieselfde tydperk as wat aan hom toegestaan sou gewees het as hy 'n lid was op die tydstip waarop daardie oproep of oproepe gedoen is: Met dien verstande dat indien meer as een oproep gemaak is die tydperke waarbinne die oproepe betaalbaar was, nie gelyktydig nie, maar agtereenvolgens sal strek en dat die tydperk bedoel in dié artikel strek vanaf die tyd wanneer 'n oproep gemaak is totdat die oproep betaalbaar was.
18. Die raad kan van 'n lid wat bereid is om dit te betaal, die volle of enige gedeelte van die nominale waarde van die aandeel of aandele deur hom besit, ontvang en ten opsigte van die betaling van die nominale waarde van die aandeel of aandele deur hom opgeneem, verminder daardie betaling die aanspreeklikheid van die lid met die bedrag aldus betaal, niesteenstaande die feit dat geen oproep gedoen was en betaalbaar is nie.
19. Indien 'n lid versuim om 'n oproep soos in artikel 13 bedoel, op die bepaalde datum te betaal, is rente op daardie agterstallige bedrag betaalbaar teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal vanaf die datum wat daardie lid in versuim is.

AANDELESERTIFIKAAT

20. Aandelesertifikate word uitgereik op versoek van 'n lid en op gesag van die raad wat ook die vorm daarvan bepaal. Elke sertifikaat word onderteken deur 'n direkteur en 'n beampte daartoe deur die koöperasie gemagtig.

AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE

21. Die aanspreeklikheid van 'n lid uit hoofde van sy lidmaatskap is beperk tot betaling van:-
- [a] 'n bedrag gelyk staande met die nominale waarde van die aandele in die koöperasie deur hom gehou vir sover daardie bedrag nie opbetaal is nie; en
 - [b] die bedrag van enige in artikel 22 bedoelde voorwaardelike aanspreeklikheid wat aan die aandele deur hom gehou verbonde mag wees.

AANDELE MET VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEID

22. [1] Aandele waaraan 'n voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde is, kan deur die raad uitgereik word aan lede wat daarop vrywillig inteken.
- [2] Die voorwaardelike aanspreeklikheid mag in geen geval R100 (een-honderd-rand) per aandeel te bowe gaan nie.

23. [1] Elke lid wat wil inteken op aandele waaraan 'n voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde is, moet op die vorm vir dié doel verskaf, aansoek doen om die getal van sulke aandele wat hy wil opneem.
[2] Sulke aandele word uitgereik onderworpe aan die voorwaarde dat die voorwaardelike aanspreeklikheid daaraan verbonde alleen van toepassing is solank daar 'n skuld (wat op alle dokumente in verband met die uitreiking van die aandele uitdruklik vermeld moet word) deur die koöperasie verskuldig is.
[3] Dit word nie van lede wat aandele hou waaraan 'n voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde is, vereis om enige betaling in verband met sulke voorwaardelike aanspreeklikheid te maak nie, tensy en totdat sodanige betaling geëis word deur 'n persoon of instansie aan wie die voorwaardelike aanspreeklikheid sedeer mag wees as sekuriteit vir die terugbetaling van geldelike lenings aangegaan vir die wettige doelstellings van die koöperasie, of tensy en totdat sulke betaling deur die likwidateur by die ontbinding van die koöperasie opgeëis word.
24. Die intrekking van 'n aandeel waaraan 'n voorwaardelike aanspreeklikheid verbonde is, onthef nie die persoon wat die houer van die aandele onmiddelik voor die intrekking daarvan was van die aanspreeklikheid wat hy as houer van sodanige aandele opgelopen het nie.

BONUSAANDELE

25. Die koöperasie kan by besluit van die jaarlikse algemene vergadering volop betaalde bonus aandele aan sy lede toewys.
26. Die bepalings van toepassing op die in artikel 13 bedoelde aandele is mutatis mutandis van toepassing op aandele in artikel 22 en artikel 25 bedoel.

OORDRAG VAN AANDELE

27. [1] 'n Aandeel is oordraagbaar slegs met toestemming en magtiging van die raad.
[2] Die raad kan te eniger tyd en sonder om redes daarvoor te verstrek weier om 'n voorgestelde oordrag goed te keur en te registreer.
[3] Die oordrag ten opsigte van enige aandeel sal skriftelik wees in sodanige vorm en geteken op so 'n wyse as wat die raad van tyd tot tyd mag bepaal.

INTREKKING VAN AANDELE

Intrekking by afsterwe

28. [1] Die aandele wat geregistreer is in die naam van 'n lid wat oorlede is, word op versoek van die Meester van die Hooggeregshof of eksekuteur in die boedel, by besluit van die raad ingetrek.
[2] Na sodanige intrekking betaal die koöperasie, mits fondse volgens oordeel van die raad beskikbaar is, die bedrag opbetaal op die aandele aan die Meester of eksekuteur vir storting in die boedel van die oorlede lid: Met dien verstande dat indien die waarde van die aandele volgens die jongste voltooide balanstaat van die koöperasie minder is as die nominale waarde daarvan, betaal die koöperasie aan die boedel -
[a] indien die aandele ten volle opbetaal is, 'n bedrag gelyk aan die waarde van die aandele soos aldus bepaal; of
[b] indien die aandele nie ten volle opbetaal is nie, 'n bedrag wat in dieselfde verhouding tot die bedrag opbetaal op die aandele staan as wat die waarde van die aandele soos aldus bepaal tot die nominale waarde van die aandele staan.

Intrekking by verhuising

29. [1] Die aandele wat geregistreer is in die naam van 'n lid wat opgehou het om te woon in die gebied waarin die koöperasie sy sake doen of wat weens die verre afstand van die besigheidsplek nie of nie meer aan die voordele van die koöperasie se dienste kan deelneem nie, kan, op aansoek van die lid en op aanbeveling van die raad, by besluit van lede op 'n algemene vergadering ingetrek word: Met dien verstande dat geen sodanige intrekking mag plaasvind nie binne twaalf maande vanaf die datum waarop die lid sy woonplek verander het of waarop die geleentheid hom ontnem is om sake met die koöperasie te doen.
[2] Na sodanige intrekking betaal die koöperasie, mits fondse volgens oordeel van die raad beskikbaar is, die bedrag opbetaal op die aandele aan die gewese lid terug: Met dien verstande dat indien die waarde van die aandele volgens die jongste voltooide balansstaat van die koöperasie minder is as die nominale waarde daarvan, betaal die koöperasie aan die gewese lid -
[a] indien die aandele ten volle opbetaal is, 'n bedrag gelyk aan die waarde van die aandele soos aldus bepaal; of
[b] indien die aandele nie ten volle opbetaal is nie, 'n bedrag wat in dieselfde verhouding tot die bedrag opbetaal op die aandele staan as wat die waarde van die aandele soos aldus bepaal tot die nominale waarde van die aandele staan.

Intrekking wanneer lid onaktief is

30. [1] Wanneer 'n lid vir 'n onafgebroke tydperk van 3 (drie) jaar geen besigheid met die koöperasie gedoen het nie en versuim het om die koöperasie van sy adresverandering in kennis te stel waardeur die koöperasie verhinder word om met hom in verbinding te tree, kan sy aandele, op aanbeveling van die raad by besluit van lede op 'n algemene vergadering ingetrek word.

[2] Na sodanige intrekking word die bedrag wat op die betrokke aandeel opbetaal is na 'n spesiale rekening genoem "Onopgeëiste Aandelegelde" oorgeplaas. Indien geen eis deur die lid binne 3 (drie) jaar na sodanige oordrag teen die rekening ingestel en deur die koöperasie betaal word nie, word die betrokke bedrag aan die koöperasie verbeur en na die algemene reserwe van die koöperasie oorgeplaas: Met dien verstande dat indien die waarde van die aandeel volgens die jongste voltooide balansstaat van die koöperasie minder as die nominale waarde daarvan is, word die bedrag wat oorgeplaas moet word, verminder -

[a] indien die aandeel ten volle opbetaal is, tot die waarde van die aandeel soos aldus bepaal; of

[b] indien die aandeel nie ten volle opbetaal is nie, tot 'n bedrag wat in dieselfde verhouding tot die bedrag opbetaal op die aandeel staan as wat die waarde van die aandeel soos aldus bepaal tot die nominale waarde van die aandeel staan.

BEDANKING

31. [1] 'n Lid wat bedank het se bedanking tree slegs in werking nadat hy aan die koöperasie skriftelik kennis gegee het van sy bedanking. Die koöperasie moet so spoedig moontlik die ontvangs van sodanige kennisgewing van bedanking skriftelik erken. Sodanige kennisgewing word nie teruggetrek nie sonder toestemming van die raad wat skriftelik aan daardie lid oorgeplaas is.

[2] Die aandeel van 'n lid wat aldus bedank het word by besluit van die raad, ingetrek. Die bedrag wat op die aandeel wat ingetrek is opbetaal is, word volgens oordeel van die raad en mits fondse beskikbaar is, binne 'n tydperk van tien jaar na datum van intrekking aan die gewese lid terugbetaal: Met dien verstande dat indien die waarde van die aandeel volgens die jongste voltooide balansstaat van die koöperasie minder is as die nominale waarde daarvan, is die betaalbare bedrag -

[a] indien die aandeel ten volle opbetaal is, gelyk aan die waarde van die aandeel soos aldus bepaal; of

[b] indien die aandeel nie ten volle opbetaal is nie, gelyk aan 'n bedrag wat in dieselfde verhouding tot die bedrag opbetaal op die aandeel staan as wat die waarde van die aandeel soos aldus bepaal tot die nominale waarde van die aandeel staan.

32. Enige bedrag wat kragtens artikel 28, 29, 30 en 31 deur die koöperasie betaalbaar is, word aangewend ter vereffening of gedeeltelike vereffening van enige skuld wat deur die gewese lid of sy boedel aan die koöperasie betaalbaar mag wees.

SKORSING EN UITSETTING

33. [1] 'n Lid wat 'n bepaling van die statuut herhaaldelik oortree of wat weier om aan so 'n bepaling te voldoen of om 'n verpligting na te kom wat deur die koöperasie kragtens die Wet of statuut of kontrak op hom gelê is of wat hy onderneem het om na te kom kan -

[a] by besluit van die raad vir 'n tydperk soos deur die raad bepaal maar van hoogstens tot datum van die eersvolgende jaarlikse algemene vergadering, as lid geskors word;

[b] by spesiale besluit as lid geskors word vir 'n tydperk van nie langer nie as 12 (twaalf) maande vanaf die datum waarop hy geskors word; en

[c] by spesiale besluit uit die koöperasie gesit word.

[2] Die skorsing van 'n lid kan te enige tyd by besluit van die raad opgehef word.

34. [1] 'n Lid word nie kragtens artikel 33 geskors of uit die koöperasie gesit nie tensy hy vooraf skriftelik in kennis gestel is van die raad se voorneme om hom te skors of aan lede 'n aanbeveling te maak dat hy geskors of uitgesit word.

[2] Die kennisgewing aan so 'n lid moet die volgende besonderhede bevat -

[a] die gronde vir die voorgename skorsing of uitsetting;

[b] 'n tyd wanneer en plek waar die lid persoonlik voor die raad met of sonder getuies kan verskyn of 'n skriftelike verklaring deur hom onderteken kan stuur waarin sy redes teen die skorsing of uitsetting aangegee word.

[3] Die raad moet indien daartoe besluit is om 'n lid te skors of uit te sit hom skriftelik in kennis stel van -

[a] die datum waarop sy skorsing of uitsetting van krag word;

[b] hoe lank die skorsing sal geld; en

[c] die tugmaatreëls wat toegepas sal word.

TUGMAATREËLS

35. [1] Gedurende sy skorsing verbeur 'n lid sy reg om algemene vergaderings by te woon of om deur 'n gevolmagtigde te stem.

[2] Die raad of lede by 'n spesiale besluit kan bepaal dat sekere of alle transaksies met 'n lid gedurende die tydperk wat die lid geskors is, opgeskort word.

[3] Die aandeel van 'n lid wat uit die koöperasie gesit is, word behoudens die bepalinge van artikel 36 by besluit van die raad ingetrek en by sodanige intrekking verbeur so 'n lid sy aandeel teen sodanige kompensasie, indien enige, soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal. Sodanige kompensasie word deur die koöperasie aan die lid betaal wanneer fondse volgens oordeel van die raad beskikbaar is.

AANSPREEKLIKHEID TEN AANSIEN VAN VERBEURD VERKLAARDE AANDELE

36. 'n Persoon wie se aandele verbeur is, is verantwoordelik om onmiddellik die hele onopbetaalde bedrag op sulke aandele aan die koöperasie te betaal.
37. Alle gelde wat aan die koöperasie in verband met verbeurde aandele betaal word, word by die algemene reserwe gevoeg na vermindering daarvan deur enige kompensasie betaal ingevolge artikel 35 (3).
38. Wanneer aandele verbeur is, word kennis daarvan gegee aan die lid in wie se naam die aandele geregistreer was voor die verbeuring en 'n aantekening van die verbeuring, met die datum daarvan, word onmiddellik in die register van lede gemaak.
39. Rente op aandeelkapitaal of bonus of enige bedrag wat 'n lid toekom en wat deur die koöperasie aan die lid betaalbaar is, word gebruik vir afbetaling van oproepe op aandele en/of onopbetaalde bedrae op verbeurde aandele wat deur hom betaalbaar is maar nog nie betaal is nie op die tydstip waarop daardie rente of bonus of ander bedrag aan hom betaalbaar word.

RAAD VAN DIREKTEURE

Bestuur van koöperasie

40. Die sake van die koöperasie word bestuur en beheer deur 'n raad bestaande uit 'n minimum van **5** en maksimum van **13** direkteure wat die bevoegdhede en pligte van die koöperasie, behoudens die bepalings van die Wet en statuut uitoefen en verrig.
41. Behoudens die bepalings van artikel 49 en 51 van die statuut word die direkteure op die jaarlikse algemene vergadering gekies.
42. Aftredende direkteure is herkiesbaar.

Persone onbevoeg om direkteur te wees

43. Behoudens die bepalings van artikel 108 van die Wet beklee iemand nie die amp van direkteur nie indien hy -
 - [a] enige bedryf of besigheid, anders as die in verband met koöperatiewe ondernemings, beoefen of bestuur waarvan die aard van sake wat onderneem word sodanig is dat dit volgens oordeel van die raad in konkurrensie met die koöperasie se eie sake plaasvind;
 - [b] direkteur is van 'n nie-koöperatiewe onderneming wat as sulks, volgens oordeel van die raad in konkurrensie met die koöperasie handel dryf;
 - [c] 'n amptenaar van die koöperasie is.

Ampstermyn

44. [1] Op die eerste jaarlikse algemene vergadering na inlywing van die koöperasie tree drie van die direkteure af. Daarna tree minstens een derde van die direkteure op die jaarlikse algemene vergadering af.
[2] Die direkteure wat elke jaar moet aftree, is dié wat hul amp die langste beklee het sedert hulle laaste verkiesing op die jaarlikse algemene vergadering, maar waar lede op dieselfde dag direkteure geword het, bepaal die dienende direkteure of onderling of deur middel van 'n stemming met stembriefies watter direkteure moet aftree.

Skriftelike nominasie van direkteure

45. [1] Behoudens die bepalings van artikel 49 en 51 is 'n lid, insluitende 'n aftredende direkteur, as direkteur verkiesbaar alleenlik indien hy skriftelik genomineer word.
[2] Nominasie vorms, behoorlik geteken deur twee lede wat bevoeg is om op die algemene vergadering te stem tesame met die skriftelike verklaring van die genomineerde dat hy homself verkiesbaar stel, moet minstens drie dae voor die tyd bepaal vir die hou van die jaarlikse algemene vergadering waarop die verkiesing moet plaasvind, by die geregistreerde kantoor van die koöperasie ingedien word.
[3] [a] Indien die getal kandidate wat genomineer is die getal vakatures oorskry, word deur middel van stemming op die jaarlikse algemene vergadering 'n aantal direkteure uit die genomineerdes gekies wat gelyk is aan die vakatures.
[b] As geen of nie genoeg kandidate genomineer word om die vakatures op die raad te vul nie, word die vakatures aldus veroorsaak as tussentydse vakatures beskou wat ingevolge artikel 49 gevul mag word; met dien verstande dat indien die aantal direkteure minder sou wees as die minimum neergelê in artikel 40 genoegsame vakatures aldus gevul moet *(ge)word ten einde aan die bepalings van daardie artikel gevolg te gee.

Vakatures en stem prosedures

46. Behoudens die bepalings van die statuut en die Wet:
 - [a] besluit die vergadering, op aanbeveling van die raad op die aantal vakatures waarvoor direkteure verkies moet word, en
 - [b] word die prosedure waarvolgens direkteure gekies word, deur die voorsitter van die vergadering bepaal.

Stemming vir direkteure deur lede

47. By die verkiesing van direkteure mag 'n lid vir 'n maksimum van soveel kandidate stem as wat daar vakatures op die raad is wat gevul moet word en daardie kandidate wat die hoogste getal stemme kry, wat meer moet wees as een helfte van die aantal stemme wat uitgebring mag word op die vergadering, word as verkose verklaar.

Register van direkteure

48. In die geregistreerde kantoor van die koöperasie word 'n register van direkteure gehou waarin die volgende besonderhede ten aansien van elke direkteur aangeteken word -
- [a] sy volle naam en adres;
 - [b] die datums van sy verkiesing;
 - [c] die termyn van sy aanstelling; en
 - [d] die naam en adres van elke koöperasie of maatskappy waarvan hy 'n direkteur is.

Tussentydse vakature op raad

49. 'n Tussentydse vakature wat in die loop van die jaar op die raad mag ontstaan, word gevul tot die volgende jaarlikse algemene vergadering deur 'n lid wat deur die oorblywende direkteure, onderhewig aan die bepalings van artikel 43, aangestel word. Op dié jaarlikse algemene vergadering, word iemand, behoudens die bepalings van die statuut, verkies om die tussentydse vakature te vul. 'n Direkteur op so 'n vergadering verkies, beklee nie die amp vir 'n termyn langer as die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die direkteur wie se amp vakant geraak het nie.

Ampsontruiming

50. 'n Direkteur ontruim sy amp -
- [a] indien hy ingevolge artikel 43 van die statuut onbevoeg word om die amp van direkteur te beklee; of
 - [b] as hy van meer as vier agtereenvolgende gewone vergaderings van die raad afwesig is sonder verlof van die raad (en sodanige verlof word nie toegestaan vir 'n tydperk wat oor meer as ses agtereenvolgende gewone vergaderings loop nie, tensy hy afwesig is in verband met die sake van die koöperasie); of
 - [c] by verstryking van 30 (dertig) dae, of die korter tydperk wat lede in algemene vergadering goedkeur, nadat hy as direkteur bedank het; of
 - [d] as hy kragtens artikel 51 van sy amp onthef word.

Direkteur kan van sy amp onthef word

51. 'n Direkteur kan, na behoorlike kennisgewing, by besluit van 'n algemene vergadering van sy amp onthef word voordat sy ampstermyn verstreke is en 'n ander bevoegde persoon kan in sy plek op daardie vergadering gekies word. Nominasies vir die verkiesing van sodanige direkteur word op die vergadering gemaak. Indien daardie vergadering nie die vakature vul nie, word dit as 'n tussentydse vakature beskou. 'n Aldus aangestelde of verkose direkteur beklee sy amp nie vir 'n termyn langer as dié onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die direkteur wie se amp vakant geraak het nie.

Voorsitter en ondervoorsitter van raad

52. [1] Op die eerste vergadering van die raad wat na die stigtingsvergadering gehou word en daarna op die eerste vergadering van die raad wat na elke jaarlikse algemene vergadering van lede gehou word, of wanneer dit nodig is, kies die direkteur uit hul midde 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter.
- [2] Die ondervoorsitter tree as voorsitter op wanneer laasgenoemde afwesig is of nie in staat is om as sodanige op te tree nie en indien sowel die voorsitter as die ondervoorsitter afwesig is of nie in staat is om die werksaamhede van die voorsitter te verrig nie kies die raad 'n ander direkteur om as voorsitter waar te neem gedurende bedoelde afwesigheid of onvermoë.

Ampsontruiming deur voorsitter en ondervoorsitter

53. [1] Die voorsitter van die raad ontruim die voorsittersamp indien hy -
- [a] ophou om 'n direkteur van die koöperasie te wees; of
 - [b] as voorsitter bedank; of
 - [c] deur die raad van sy voorsittersamp onthef word.
- [2] Die bepalings van subartikel [1] is mutatis mutandis ten opsigte van die ondervoorsitter van die raad van toepassing.

Vergadering van raad

54. [1] 'n Vergadering van die raad word byeengeroep deur die raad of die voorsitter van die raad of enige twee direkteure van die koöperasie.
- [2] Die meerderheid van die direkteure maak 'n kworum vir 'n vergadering van die raad uit.
- [3] Vraagpunte op 'n vergadering van die raad word deur 'n meerderheid van die direkteure op die vergadering beslis en ingeval daar 'n staking van stemme is, het die voorsitter van die raad of iemand wat as voorsitter waarneem, benewens sy beraadslaende stem ook 'n tweede en beslissende stem.

Belange by kontrakte

55. 'n Direkteur van 'n koöperasie wat in 'n ander hoedanigheid as direkteur, lid, geaffilieerde lid of behoorlike gemagtigde agent van die koöperasie, belang het by 'n voorgestelde kontrak wat die koöperasie oorweeg om aan te gaan of 'n belang by 'n kontrak bekom nadat dit deur die koöperasie aangegaan is, moet volle besonderhede betreffende die aard en omvang van sy belang ooreenkomstig die bepalings van artikel 117 (2) of (3) van die Wet,

aan die koöperasie bekend maak; en mag nie ten opsigte van sodanige kontrak of voorgestelde kontrak met die koöperasie of 'n aangeleentheid wat daaruit voortspruit, stem nie en indien hy aldus stem word sy stem nie getel nie.

Register van belange in kontrakte

56. Die koöperasie moet by sy geregistreerde kantoor in een van die amptelike tale van die Republiek 'n register van direkteurs belange in kontrakte hou en daarin besonderhede aanteken van elke bekendmaking van 'n belang kragtens artikel 55 van die statuut.

Notule van vergaderings

57. [1] Die raad moet behoudens die bepalinge van artikel 113 van die Wet notule van alle verrigtinge op vergaderings van die raad of 'n komitee daarvan in een van die amptelike tale van die Republiek laat hou en binne twee maande na 'n vergadering laat aanteken in een of meer boeke vir daardie doel gehou by die geregistreerde kantoor van die koöperasie.

[2] Die notule wat ingevolge subartikel (1) ten opsigte van 'n vergadering van die raad opgestel word, moet so gou doenlik, maar nie later as die eerste vergadering van die raad gehou na verstryking van twee maande na die vergadering waarop die notule betrekking het, aan 'n vergadering van die raad voorgelê word.

Bywoning register

58. Elke direkteur wat op 'n vergadering van die raad of komitee daarvan aanwesig is moet op die vergadering sy naam teken onder die datum van die vergadering in 'n register met permanente ingebinde blaaië wat vir daardie doel gehou moet word. Sodanige register word in die geregistreerde kantoor van die koöperasie gehou.

Vergoeding

59. 'n Toelaag wat deur die raad bepaal word mag aan 'n direkteur betaal word vir elke dag of 'n gedeelte daarvan waarop hy vergaderings van die raad bywoon of waarop hy vergaderings van 'n komitee wat deur die raad aangestel is, bywoon asook 'n toelaag per kilometer waar van privaatmotorvervoer gebruik gemaak word in die waarneming van die sake van die koöperasie.

60. [1] Wanneer 'n direkteur reise, anders as met privaatmotorvervoer, in die waarneming van die sake van die koöperasie onderneem, word die werklike koste van die reise aan hom vergoed.

[2] Wanneer 'n direkteur aangestel word om spesiale dienste vir die koöperasie te verrig, word sy vergoeding deur die raad bepaal.

[3] Die lede kan verder op die jaarlikse algemene vergadering besluit om aan direkteure 'n beloning vir hul dienste gedurende die afgelope boekjaar toe te staan.

Reëls

61. Sonder om die bevoegdhede verleen ingevolge artikel 40 van die statuut in te kort, word hierby uitdruklik verklaar dat die raad bevoegdheid besit om reëls te maak mits hulle nie strydig is met die statuut nie.

Delegering van bevoegdheid aan 'n komitee

62. [1] Die raad kan een of meer van sy bevoegdhede aan 'n direkteur of aan 'n komitee van direkteure deleger of 'n direkteur of komitee van direkteure magtig om 'n plig te verrig of as verteenwoordiger of agent van die koöperasie op te tree.

[2] 'n Aldus aangestelde direkteur of komitee van direkteure moet by die uitvoering van die bevoegdhede aldus oorgedra aan die reëls voldoen en die voorskrifte nakom wat die raad in hierdie verband mag opleë of uitreik.

[3] Die bepalinge van artikel 57 is mutatis mutandis van toepassing op sodanige komitee.

Versekering

63. Die raad sorg vir versekering van die bates, insluitende kontant, teen verlies of skade en aanspreeklikheid van die koöperasie ten opsigte van gewone sakerisiko's.

64. Benewens die versekering wat die raad kragtens artikel 63 uitneem ten einde onder andere voorsiening te maak vir enige gemeenregtelike aanspreeklikheid van die koöperasie voortspruitend uit 'n ongeval wat 'n direkteur mag oorkom terwyl hy met sake van die koöperasie besig is, kan die raad onderhewig aan die hierna genoemde voorwaardes persoonlike ongevalversekering ten opsigte van die direkteure uitneem -

[a] Die versekering kan op 'n voltydse grondslag uitgeneem word.

[b] Die koöperasie kan die volle premie betaal.

[c] Die versekering kan voorsiening maak vir doodsvoordele en permanente ongeskiktheidsvoordele, vir tydelike ongeskiktheid om gewone professie of beroep voort te sit en vir die vergoeding van mediese koste as gevolg van liggaamlike besering.

[d] Enige voordeel wat die versekeraar aan die koöperasie uitkeer word na aftrekking van enige bedrag wat die betrokke direkteur aan die koöperasie mag skuld oorbetal aan die direkteur, of by sy dood, aan een of meer van sodanige van sy naasbestaendes of afhanklikes en in sulke bedrae aan elkeen as wat die raad oor besluit of as die raad so besluit aan sy boedel.

Vergaderings van lede

65. 'n Jaarlikse algemene vergadering van lede word binne 180 (een honderd en tagtig) dae na die einde van elke boekjaar van die koöperasie gehou ten einde -
- [a] die finansiële toestand van die koöperasie te oorweeg en die finansiële jaarstate met betrekking tot die afgelope boekjaar te behandel;
 - [b] direkteure te kies en indien nodig, 'n ouditeur aan te stel;
 - [c] ander aangeleenthede wat ingevolge die Wet of die statuut op die vergadering afgehandel kan of moet word, af te handel;
 - [d] algemene onderwerpe met inbegrip van klagtes wat lede mag indien, te behandel.
66. Die koöperasie kan, behoudens die bepalings van artikel 123 (1) van die Wet, benewens sy jaarlikse algemene vergadering van tyd tot tyd buitengewone algemene vergaderings van sy lede hou ten einde enige aangeleentheid betreffende sy sake af te handel wat spesifiek in die kennisgewing wat die vergadering byeenroep uiteengesit word.
67. [1] 'n Jaarlikse algemene vergadering word op gesag van die raad byeengeroep.
- [2] 'n Buitengewone algemene vergadering word byeengeroep -
- [a] deur die raad; of
 - [b] deur minstens twee direkteure van die koöperasie; of
 - [c] deur vyf of meer lede van die koöperasie wat in getal minstens een-tiende van al die lede van die koöperasie uitmaak: Met dien verstande dat sodanige lede nie geregtig is om 'n buitengewone algemene vergadering te belê nie tensy hulle vooraf die raad skriftelik versoek het om so 'n vergadering te belê en so 'n vergadering nie aldus belê word binne 21 (een-en-twintig) dae na indiening van die versoekskrif nie, of daar om enige rede nie direkteure is aan wie so 'n versoekskrif gerig kan word nie.
- [3] Enige vergadering wat die ondertekenaars van die versoekskrif kragtens subartikel [2] [c] byeenroep, moet sover as moontlik op dieselfde manier byeengeroep en gehou word as die waarop vergaderings deur die raad byeengeroep en gehou moet word en enige redelike onkoste wat deur die ondertekenaars van die versoekskrif aangegaan is met die verkryging van die name en adresse van lede, met die uitstuur van kennisgewings van die vergaderings aan hulle en met die huur van 'n plek waar die vergadering gehou word, word indien aldus deur so 'n vergadering besluit, deur die koöperasie aan die ondertekenaars van die versoekskrif terugbetaal.

Kennisgewing van algemene vergaderings

68. [1] 'n Algemene vergadering word met minstens 14 (veertien) dae skriftelike kennisgewing aan elke lid van die koöperasie byeengeroep. Die kennisgewing reken nie die dag by waarop dit bestel word of geag bestel te wees en die dag waarop die vergadering plaasvind nie.
- [2] Die kennisgewing waardeur die vergadering belê word moet benewens die tyd en plek van die vergadering ook die doeleindes waarvoor die vergadering belê word, bevat.
- [3] 'n Kennisgewing kan persoonlik bestel of per pos gestuur word aan die lid by sy geregistreerde adres.
- [4] 'n Kennisgewing per pos word geag bestel te gewees het op die tydstip wanneer die brief wat die kennisgewing bevat, gepos is, en by die bewys dat die kennisgewing per pos gegee is, is dit voldoende om te bewys dat die brief wat die kennisgewings bevat behoorlik geadresseer en gepos is.
- [5] Die nie-ontvangs deur 'n lid van 'n kennisgewing van 'n algemene vergadering van die koöperasie maak nie so 'n vergadering ongeldig nie.
- [6] Indien 'n kennisgewing van 'n vergadering deur die koöperasie terug ontvang word omdat die lid aan wie dit gestuur is nie langer by die geregistreerde adres woonagtig is nie, word die koöperasie onthef van sy verpligting om verdere kennisgewings van vergaderings aan die betrokke lid te stuur tensy die lid te voorskyn tree en versoek dat sodanige kennisgewings na sy nuwe adres gestuur word.

Verteenwoordiging van regspersone en organisasies op algemene vergaderings

69. 'n Lid wat 'n regspersoon is of 'n lid wat 'n organisasie sonder regspersoonlikheid is, kan behoudens die bepalings van artikels 124 en 128 (4) van die Wet iemand as sy verteenwoordiger aanstel om namens hom op 'n algemene vergadering van die koöperasie op te tree.

Aanstelling van gevolmagtigdes

70. 'n Lid van die koöperasie of 'n verteenwoordiger van 'n regspersoon of ander organisasie wat lid van die koöperasie is, kan iemand wat nie ingevolge die bepalings van artikel 43 van die statuut onbevoeg is om 'n direkteur van die koöperasie te wees nie as sy gevolmagtigde aanstel om namens hom teenwoordig te wees, te praat en te stem op 'n algemene vergadering van die koöperasie: Met dien verstande dat -
- [a] 'n gevolmagtigde nie geregtig is om 'n stem uit te bring nie behalwe in 'n stemming met stembriefies;
 - [b] 'n lid of 'n verteenwoordiger nie geregtig is om meer as een gevolmagtigde aan te stel nie;
 - [c] dieselfde persoon nie as gevolmagtigde van meer as sewe lede of sodanige verteenwoordigers kan optree nie; en
 - [d] 'n gevolmagtigde op 'n algemene vergadering nie meer as 20% (twintig persent) van die stemme van al die lede van die koöperasie of sodanige verteenwoordigers mag verteenwoordig nie.

Volmagte

71. [1] Die dokument waardeur 'n gevolmagtigde aangestel word, kan in enigeen van die amptelike tale in die volgende vorm of in enige ander vorm wat die raad goedkeur, opgestel word -

“Ek (volle naam) van 'n lid van stel hierbyvan aan as my gevolmagtigde om vir en namens my te stem op die algemene vergadering van die koöperasie wat te op gehou sal word en op enige verdagting daarvan.

Gedateer te op hede diedag van19.....

.....
Getuie

.....
Handtekening”

[2] Volmagte, behoorlik voltooi, moet by die geregistreerde kantoor van die koöperasie nie later nie as 24 (vier-en-twintig) uur voor die tyd vasgestel vir die vergadering, ingehandig of afgelewer word.

[3] Die sekretaris of ander beampte wat namens hom optree, gee aan elke gevolmagtigde 'n bewys van die getal volmagte wat hy hou en wat die name van die lasgewer of lasgewers aandui. Mits die gevolmagtigde nie van enige gebrek in enige volmag wat deur hom gehou word, in kennis gestel word nie, is hierdie ontvangsbewys afdoende bewys op die vergadering van die getal stemme wat hy kan uitbring. Sonder hierdie ontvangsbewys word stemming deur volmag nie toegelaat nie.

[4] As 'n lid twee of meer lede volmag gee om namens hom op dieselfde vergadering te stem, sal die voorsitter, as hy bewus is van die toestand, volgens goëddunke of al sy volmagte verwerp of verklaar watter van die betrokke volmagte toegelaat moet word.

Kworum

72. [1] 'n Kworum vir 'n algemene vergadering bestaan -
[a] indien die aantal lede nie meer as vyftig is nie, uit vyf lede;
[b] indien die aantal lede meer as vyftig is maar nie meer as tweehonderd nie, uit minstens een-tiende van die lede van die koöperasie; en
[c] indien die aantal lede meer as tweehonderd is uit twintig lede plus minstens een persent van die getal lede wat die koöperasie meer as tweehonderd het.

[2] 'n Lid wat deur 'n gevolmagtigde of 'n verteenwoordiger op 'n algemene vergadering verteenwoordig word, word vir die toepassing van subartikel [1] geag op die vergadering teenwoordig te wees.

[3] Ondanks die bepalings van subartikels [1] en [2] bestaan 'n kworum op 'n algemene vergadering in geen geval uit minder as vyf lede, met inbegrip van verteenwoordigers, wat in eie persoon teenwoordig is nie.

73. Geen item van die verrigtinge op 'n algemene vergadering word behandel nie tensy 'n kworum van die lede teenwoordig is gedurende die tyd wanneer die vergadering daardie item oorweeg.

74. [1] Indien daar binne 'n uur na die tyd wat vir 'n algemene vergadering bepaal is nie 'n kworum aanwesig is nie, word die vergadering -

[a] indien dit deur lede of na aanleiding van 'n versoekskrif van lede belê is, geag gekanselleer te wees; en

[b] indien anders byeengeroep, word die vergadering verdaag tot dieselfde dag in die volgende week op dieselfde tyd en plek, of indien daardie dag 'n openbare vakansiedag is, tot die eersvolgende dag wat nie 'n openbare vakansiedag is nie.

[2] Indien dieselfde saal of gebou nie vir die verdaagde vergadering beskikbaar is nie, kan dit op 'n ander plek binne gerieflike afstand gehou word mits lede van die verandering in die plek in kennis gestel word of deur middel van 'n kennisgewing wat by die oorspronklike plek opgeplak is of op 'n ander wyse.

[3] Indien daar binne een uur na die tyd bepaal vir 'n verdaagde vergadering weer geen kworum aanwesig is nie, word die aanwesige lede, mits hulle nie minder as vyf is nie, geag 'n kworum uit te maak: Met dien verstande dat 'n spesiale besluit nie deur so 'n vergadering aangeneem kan word nie.

Voorsitter van algemene vergaderings

75. [1] Die voorsitter van die raad of in sy afwesigheid die ondervoorsitter of in die afwesigheid van albei, 'n ander direkteur deur die vergadering gekies tree op as die voorsitter van 'n jaarlikse algemene vergadering of 'n buitengewone algemene vergadering wat kragtens artikel 67[1] en [2] [a] en [b] byeengeroep is.

[2] Iemand deur die vergadering gekies, tree op as voorsitter van 'n buitengewone algemene vergadering wat kragtens artikel 67 [2] [c] byeengeroep is.

Stemming van lede

76. Behoudens die bepalings van artikel 128 van die Wet het elke lid een stem.

77. [1] 'n Aangeleentheid wat deur 'n algemene vergadering beslis moet word, word by wyse van 'n stemming deur die opsteek van hande of met stembriefies beslis.

[2] 'n Stemming met stembriefies word nie gehou nie tensy sodanige stemming geëis word deur minstens vyf persone wat op die vergadering teenwoordig is en geregtig is om in 'n stemming met stembriefies te stem.

[3] 'n Stemming met stembriefies word op so 'n wyse gehou as wat die voorsitter bepaal en by 'n stemming met stembriefies kan lede hul stemme self of deur gevolmagtigdes uitbring. Stemopnemers word benoem om die uitslag van die stemming met stembriefies vas te stel, welke uitslag deur die voorsitter van die vergadering as die besluit van die vergadering waarop die stemming geëis is, verklaar word.

[4] 'n Verklaring deur die voorsitter dat die besluit deur die opsteek van hande of deur stemming met stembriefies aangeneem is, eenparig of deur 'n bepaalde meerderheid aangeneem is of dat dit verwerp is, en 'n aantekening in dié sin in die notule van verrigtinge van die vergadering is afdoende bewys daarvan, sonder bewys van die getal of die verhouding van stemme vir of teen so 'n besluit uitgebring.

78. Indien geen beswaar ingevolge die bepalings van die statuut teen die geldigheid van enige stem, hetsy met die opsteek van hande of by wyse van stemming met stembriefies, op die vergadering uitgebring, gemaak word nie, word elke stem wat op die vergadering nie verwerp is nie, geag vir alle doeleindes geldig te wees.
79. By staking van stemme, hetsy by die opsteek van hande of by 'n stemming met stembriefies, het die voorsitter van die vergadering behalwe sy beraadslaende stem ook 'n tweede en beslissende stem.
80. Elke saak aan 'n algemene vergadering vir beslissing voorgelê, behalwe 'n saak wat ooreenkomstig die statuut en/of die Wet 'n spesiale besluit vereis, word deur 'n meerderheid van stemme op die vergadering uitgebring, beslis.

Spesiale besluit

81. 'n Besluit van 'n algemene vergadering van die koöperasie maak ingevolge die bepalings van artikel 130 (1) van die Wet, 'n spesiale besluit uit indien -
- [a] die kennisgewing waardeur die algemene vergadering belê is besonderhede van die voorgestelde besluit uiteensit met vermelding van die voorneme om die voorgestelde besluit vir aanname as 'n spesiale besluit voor te stel; en
- [b] die besluit aangeneem is -
- [i] in die geval van 'n stemming deur die opsteek van hande, deur nie minder nie as twee-derdes van die persone wat op die vergadering teenwoordig is en geregtig is om in 'n stemming deur die opsteek van hande te stem; of
- [ii] in die geval van 'n stemming met stembriefies, deur nie minder nie as twee-derdes van die stemme van die persone wat op die vergadering teenwoordig is en geregtig is om in 'n stemming met stembriefies te stem;
- [c] die besluit betrekking het op -
- [i] die omskepping van die koöperasie in 'n maatskappy of 'n beslote korporasie; of
- [ii] die likwidasie van die koöperasie, en aangeneem is deur minstens 75% (vyf en sewentig persent) van die stemme van al die lede van die koöperasie, in sowel die geval van 'n stemming deur die opsteek van hande as in die geval van 'n stemming met stembriefies.

Notule van algemene vergaderings

82. Die koöperasie moet behoudens die bepalings van artikel 131 van die Wet, notule van die verrigtinge op algemene vergaderings in een van die amptelike tale van die Republiek laat hou en binne twee maande na die vergadering laat aanteken in een of meer boeke vir daardie doel gehou by die geregistreerde kantoor van die koöperasie.

Bevoegdheid om lenings te sluit

83. Kragtens die bepalings van artikel 53 van die Wet leen die koöperasie nie geld of neem nie geld op of oortrek nie 'n bankrekening nie behalwe kragtens magtiging van 'n spesiale besluit. Met dien verstande dat 'n koöperasie sonder bedoelde magtiging geld kan leen of opneem of 'n bankrekening kan oortrek tot 'n bedrag wat nie die helfte van sy aandeelkapitaal en algemene reserwe gesamentlik oorskry nie.

Beperkings op aangaan van onversekerde lenings

84. Indien hy deur lede daartoe kragtens artikel 83 van die statuut gematig is, kan die raad behalwe die lenings wat deur sekere of alle bates van die koöperasie verseker is, die uitgifte van versekerde obligasies en lenings wat van handelsbanke of enige ander finansiële instellings verkry is, ook lenings aangaan by lede en andere vir die tydperk en die voorwaardes waarvoor ooreengekom is: Met dien verstande -
- [a] dat die koöperasie nie te enige tyd sulke lenings van meer as 20 (twintig) persone het nie en nie ter enige tyd altesaam meer as R500 000 (vyfhonderd duisend rand) aan lenings hou nie; en
- [b] dat enige verdere lening wat die gevolg sal hê dat enige van die beperkings onder subartikel [a] oorskry word, slegs onder die volgende voorwaardes aangegaan word -
- [i] Sulke verdere lenings word alleenlik by lede aangegaan.
- [ii] Geen lening van 'n individuele lid mag minder as R1 000 (duisend rand) bedra nie.
- [iii] Geen lening sal binne 12 (twaalf) maande na ontvangs terugbetaal word nie behalwe met goedkeuring van die direkteure.
- [iv] Op lenings word rente betaal teen 'n koers wat die raad van tyd tot tyd bepaal maar wat nie meer as die heersende koers op oortrokke bankrekenings per jaar mag bedra nie.
- [v] 'n Skuldbewys word ten opsigte van elke lening uitgereik.
- [vi] Die skuldbewys is slegs onder lede oordraagbaar en dan deur middel van 'n sessie wat behoorlik deur die koöperasie geregistreer is.
- [vii] Ontvangs van elke lening word erken deur die volgende skuldbewys wat een van die voorwaardes [ii] of [iii] hieronder gemeld, bevat -

“Skuldbewys

Ons, die ondergetekende direkteur en sekretaris van die(naam van die koöperasie) hierna die koöperasie genoem, erken hiermee die ontvangs van die som van R..... (.....Rand) van (naam) van(adres) hierna die eienaar genoem, onderworpe aan die voorwaardes -

[i] Rente is teen% (.....persent) per jaar of sodanige koers as wat die raad van tyd tot tyd bepaal, aan die eienaar op of op die datum van terugbetaling betaalbaar.

[ii] ‘n Eienaar het nie die reg om terugbetaling te eis nie, maar die koöperasie kan te eniger tyd nadat hy die lening vir minstens 12 (twaalf) maande gehad het, die lening terugbetaal na minstens dertig dae kennisgewing van sy voorneme om dit terug te betaal.

OF [iii] Die lening is op diedag van19.... (wat nie minder as 12 (twaalf) maande vanaf die datum van hierdie skuldbewys mag wees nie) terug betaalbaar: Met dien verstande dat die raad van die koöperasie terugbetaling mag uitstel indien die omstandighede van die koöperasie op die datum waarop die lening terug betaalbaar is, sodanige uitstel noodsaak: Met dien verstande verder dat die raad van die koöperasie sy besluit om terugbetaling van ‘n lening uit te stel, vir bevestiging aan die eersvolgende algemene vergadering van lede sal voorlê en indien die besluit van die raad nie op daardie vergadering van die koöperasie bevestig word nie, moet die lening binne 7 (sewe) dae na die datum van die bedoelde vergadering terugbetaal word.

Gedateer op op hede die dag van19.....

Direkteur

Sekretaris”.

Aanvaarding van bedrae betaalbaar aan lede as lenings

85. Nieteenstaande die beperkings wat deur die voorafgaande artikel opgelê is, kan die koöperasie, op skriftelike versoek van ‘n lid, enige gelde wat ter goedertrou deur die koöperasie betaalbaar word, òf as rente op aandelekapitaal òf as bonus op transaksies wat met die koöperasie of met tussenkoms van die koöperasie verrig is, teen of sonder betaling van rente, ten behoeve van hom hou op voorwaarde dat so ‘n lid skriftelik sy toestemming gee dat sulke gelde uitsluitlik na goeddunke van die koöperasie terug betaalbaar is.

Bankrekening

86. [i] Die raad open ‘n bankrekening of bankrekenings in die naam van die koöperasie waarin alle gelde ontvang so spoedig moontlik na ontvangs daarvan gedeponeer word.

[ii] Tjeks teen die bankrekening(s) getrek, word onderteken deur een van die direkteure of, indien daartoe deur die raad gemagtig, die bestuurder of ‘n ander senior amptenaar van die koöperasie en word mede-onderteken deur die sekretaris of ander senior amptenaar daartoe gemagtig: Met dien verstande dat die ondertekenaar van ‘n tjek dit nie terselfdertyd ook mag mede-onderteken nie en dat alle amptenare wat gemagtig word om tjeks te teken of mede-onderteken voldoende borg moet stel.

Behuising skema vir werknemers

87. [1] Die wyse waarop die koöperasie sy werknemers mag help om huisvesting te bekom, die omstandighede waaronder en die voorwaardes waarop lenings deur die koöperasie vir dié doel aan hulle toegestaan of gewaarborg mag word, word bepaal deur spesiale reëls wat die raad van tyd tot tyd opstel en wat deur die lede op ‘n algemene vergadering goedgekeur word.

[2] Die raad het die reg om sodanige sekuriteit vir sulke lenings of waarborge te neem as waartoe hy mag besluit.

Boekjaar

88. Die boekjaar van die koöperasie eindig op die laaste dag van Februarie in elke jaar.

Finansiële rekords

89. [1] Die koöperasie moet in een van amptelike tale van die Republiek die rekeningkundige aantekeninge hou wat nodig is om die stand van die sake en die besigheid van die koöperasie redelik weer te gee en om die transaksies en finansiële stand van die besigheid van die koöperasie te verduidelik en moet minstens die aantekeninge, registers en state soos uiteengesit in artikel 134 van die Wet insluit.

[2] Die rekeningkundige aantekeninge moet gehou word by die geregistreerde kantoor van die koöperasie en dit moet te alle tye beskikbaar wees vir insae deur die direkteure.

Finansiële jaarstate

90. [1] Die koöperasie moet, ooreenkomstig die bepalings van artikel 135 van die Wet, ten opsigte van elke boekjaar van die koöperasie finansiële jaarstate in een van die amptelike tale van die Republiek laat opstel.

[2] Die bepalings van artikels 135 tot 142 van die Wet is van toepassing op die finansiële jaarstate van die koöperasie en sy maatskappy filiale.

Ouditering

91. 'n Ouditeur word aangestel, sy pligte gereël en sy beloning bepaal ooreenkomstig die bepalings van artikels 143 tot 156 van die Wet.

Surplus

92. Die surplus voortvloeiende uit die werksaamhede van die koöperasie gedurende enige boekjaar, word by besluit van die jaarlikse algemene vergadering vir daardie jaar aangewend: Met dien verstande dat -
- [a] die bedrag wat uit die surplus as 'n reserwe opsy gesit word nie minder mag wees nie as 'n bedrag wat die raad van die koöperasie bepaal;
 - [b] die bedrag wat uit die surplus vir uitkering aan lede beskikbaar is slegs op een of meer van die volgende maniere aangewend word, naamlik -
 - [i] om rente aan lede teen prima uitleenkoers van die koöperasie se bankiers per jaar op die bedrag wat hulle op die laaste dag van die boekjaar op hul aandele opbetaal het, te betaal;
 - [ii] om ooreenkomstig die bepalings van artikel 93 bonusse aan lede te betaal.

Uitbetaling van bonus

93. Die bedrag in artikel 92 [b] [ii] vermeld word, behoudens die bepalings van artikels 80 en 84 van die Wet, aan lede toegewys volgens die klandisie verhouding en die bedrag aan 'n lid toegewys word by besluit van lede op die jaarlikse algemene vergadering bedoel in artikel 92 op een of meer van die volgende maniere aangewend -
- [a] deur dit in kontant of gedeeltelik in kontant uit te betaal;
 - [b] deur bonus aandele vir toewysiging aan lede, vol op te betaal: Met dien verstande dat gedeeltes van 'n bedrag wat 'n lid toekom en waarvoor 'n bonus aandeel nie volop betaal kan word nie, by besluit van die raad ooreenkomstig paragrawe [a] of [c] van hierdie artikel aangewend kan word;
 - [c] deur dit in die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds vir toekomstige betaling opsy te sit.
94. Geen rente op aandeelkapitaal of verklaarde bonus betaalbaar aan lede, behalwe bedrae wat na die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds oorgeplaas is, verdien rente van die koöperasie nie.
95. Enige rente op aandeelkapitaal of enige bonus wat vir 'n tydperk van 3 (drie) jaar vanaf die datum waarop sulke rente of bonus betaalbaar verklaar is, onopgeëis bly, mag by besluit van die raad verbeurd verklaar en na die algemene reserwe van die koöperasie oorgedra word.

Uitgestelde Bonusbetalingsfonds

96. [1] Alle bedrae wat kragtens artikel 93 [c] na die "Uitgestelde Bonusbetalingsfonds" oorgedra is, word in die onderskeie name van lede in die boeke van die koöperasie gekrediteer.
- [2] Lede en gewese lede kan jaarliks met rente op die bedrae tot hulle onderskeie krediet in die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds gekrediteer word teen 'n koers soos deur die raad van tyd tot tyd bepaal. Sodanige rente word jaarliks aan lede en gewese lede in kontant uitbetaal indien daartoe besluit op die jaarlikse algemene vergadering, maar so 'n besluit is slegs van toepassing ten opsigte van rente wat reeds verdien is.
- [3] Die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds kan afsonderlik belê word of kan deur die koöperasie vir die uitvoering van enige van sy doelstellings gebruik word: Met dien verstande dat dit nie aangewend mag word om enige verliese wat voortvloei uit die werksaamhede van die koöperasie te dek nie.
- [4] Die belange van lede en gewese lede in die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds word aan hulle in die volgende omstandighede en onderhewig aan die gemelde voorwaardes uitbetaal mits die koöperasie volgens die oordeel van die raad, finansiëel in staat is om dit te doen, te wete:
- [a] Wanneer die fonds 5 (vyf) jaar in werking is, word die belang wat lede en gewese lede gedurende die eerste jaar van die fonds opgebou het, aan die betrokkenes terugbetaal; die daaropvolgende jaar word die belang gedurende die tweede jaar opgebou, terugbetaal *et seq*;
 - [b] by afsterwe van 'n lid of gewese lid word die belang van die oorledene in die fonds aan sy boedel betaal;
 - [c] wanneer lidmaatskap in die koöperasie op enige ander wyse beëindig word, word die belang van die lid in die fonds aan hom terugbetaal na gelang dit ooreenkomstig paragrawe [a] en [b] van hierdie subartikel terug betaalbaar word.
- [5] Die bedrae betaalbaar aan 'n lid of gewese lid kragtens hierdie artikel word aangewend ter vereffening of gedeeltelike vereffening van enige bedrag wat daardie lid of gewese lid aan die koöperasie verskuldig mag wees.
- [6] 'n Lid of gewese lid se krediet in die fonds mag aan iemand anders slegs met goedkeuring van die raad oorgedra word: Met dien verstande dat geen sodanige oordrag goedgekeur word tensy die oordragontvanger lid van die koöperasie is nie.
- [7] Enige bedrag tot die krediet van 'n lid of gewese lid in die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds wat vir 'n tydperk van 3 (drie) jaar vanaf die datum waarop dit aan hom betaalbaar word, onopgeëis bly, mag by besluit van die raad verbeurd verklaar en na die algemene reserwe van die koöperasie oorgedra word: Met dien verstande dat so 'n oordrag nie gemaak word nie tensy die betrokke lid eers van die voorgenome oordrag gewaarsku is deur middel van 'n kennisgewing gestuur aan sy laaste adres wat in die aandeleregister aangeteken is en hy 'n geleentheid van minstens ses maande gegee is om die bedrag op te eis.

Verskaffing van goedere of dienste

97. Die raad kan na goeë dunde besluit om krediet toe te staan aan enige goeë gekeurde lid of lede vir 'n tydperk van nie langer as een volle kalendermaand na die maand waarin die aankope gemaak is nie, of vir sodanige verdere tydperk en op sulke terme en voorwaardes as waartoe onderling met die raad ooreengekom word.
98. Op uitstaande rekenings word rente gehef teen 'n koers wat deur die raad van tyd tot tyd vasgestel word. Lede is verder aanspreeklik vir die betaling van alle koste, insluitende invorderings gelde en kommissies, wat aangegaan word om hulle rekeninge in te vorder.
99. Die raad oorweeg minstens een keer in elke drie maande op 'n gewone raadsvergadering 'n staat wat die totale krediet verkope aan elke lid wat agterstallig is, aantoon en sorg dat sodanige staat, tesame met enige instruksies wat die raad in verband daarmee mag gee, by die notule ingelyf word.
100. Behalwe in gevalle wat spesiaal anders by besluit van die raad goeë gekeur is, word enige bedrag wat deur 'n lid betaal word vir goedere verskaf of dienste gelewer, aangewend ter vereffening van sy oudste skuld aan die koöperasie.
101. Die gesamentelike waarde van -
[a] verkope gemaak; en
[b] dienste gelewer deur die koöperasie aan persone wat nie lede van die koöperasie is nie, mag nie gedurende enige boekjaar die gesamentelike waarde van sodanige verkope en sodanige dienste aan lede van die koöperasie gedurende dieselfde boekjaar te bowe gaan nie.
102. Enige kontant bonus of rente op aandelekapitaal betaalbaar aan 'n lid kan, as dit nie ingevolge die bepalings van artikel 39 aangewend is nie, gebruik word vir die afbetaling van -
[a] enige onkoste wat die koöperasie mag beloop het in die invordering van 'n bedrag deur daardie lid verskuldig; en
[b] enige bedrag wat deur daardie lid verskuldig mag wees ten opsigte van aankope gemaak.

Wysiging van statuut

103. Die statuut van die koöperasie kan alleen by spesiale besluit gewysig word.

Aanstelling van komitee deur lede

104. [1] By besluit van 'n algemene vergadering van lede of van 'n vergadering van die raad kan 'n komitee aangestel word vir die uitvoering van spesiale werk wat wenslik geag word.
[2] Sodanige aangestelde komitee moet by die uitvoering van die spesiale werk aan hom oorgedra aan die reëls voldoen en die voorskrifte nakom wat die lede en/of die raad aan hom mag opleë of uitreik.

Afskrifte van sertifikaat van inlywing en statuut

105. In die geregistreerde kantoor van die koöperasie word die sertifikaat van inlywing gehou asook 'n ware afskrif van sy statuut.

Algemeen

106. Die koöperasie tree eisend en verwerend op in die naam van die koöperasie en alle volmagte en dokumente in verband daarmee word onderteken deur die voorsitter van die raad of 'n ander in daardie hoedanigheid wettiglik optredende direkteur, en deur die sekretaris.
107. Enige onroerende eiendom deur die koöperasie verkry en gehou, word op naam van die koöperasie geregistreer.

Likwidasie

108. [1] Ingeval van likwidasie van die koöperasie kan die waarde van die transaksies wat 'n voormalige lid, uitgesonderd 'n lid kragtens artikel 33 uit die koöperasie gesit, gedurende die toepaslike tydperk in subartikel [2] bedoel met of deur die tussenkoms van die koöperasie gedoen het, bygetel word by die waarde van die transaksies van 'n lid wat op 'n toewysing kragtens artikel 224 (4) van die Wet geregtig is, mits die voormalige lid, of indien hy dood is, sy eksekuteur, binne 90 (negenentig) dae nadat daardie voormalige lid opgehou het om 'n lid van die koöperasie te wees, sy skriftelike toestemming te dien effekte by die koöperasie ingedien het.
[2] Die klandisie verhouding in artikel 224 (4) en (5) van die Wet genoem, word bepaal vir 'n tydperk van 5 jaar wat die aanvang van die likwidasie van die koöperasie voorafgegaan het òf die tydperk waarvoor die koöperasie bestaan, watter tydperk ookal die kortste is.
109. Die statuut van die koöperasie geregistreer deur die Registrateur van Koöperasies te **Pretoria** op die **24ste** dag van **Mei 1996** in boek **C3** folio **79** en alle wysigings daarvan word hierdeur herroep en hierdie statuut vervang word.

.....
VOORSITTER